

Vrydag 9 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 39

Fokusgedeelte: Psalm 39:7, 8

Waarin anker my hoop? Nie in die dinge van die mens nie!

Dawid, die digter van hierdie Psalm, is ernstig siek. Terwyl hy op sy siekbed lê, dink hy aan die lewe van die mens op hierdie aarde, ook sy eie lewe. Hy wonder oor watter dinge van die mens vir jou lewe sin en betekenis gee, maar daar is niks! Inteendeel, sy gevolgtrekking is dat die mens se lewe op aarde maar kortstondig en verganklik is (vs 6). Die dinge van die mens is ook maar inhoudloos, want jy werk hard en gaar op, maar weet nie wie dit sal kry nie (vs 7). Dawid ervaar dit alles as 'n straf op die mens se sonde, en onder die strawwende hand van God is die dinge van die mens soos 'n kleed wat deur 'n mot verteer word (vs 12).

Dikwels in die psalms word die dinge van die mens, en jou hoop daarop, as baie klein en nietig beskrywe. Soos in Psalm 1, waar die lewe van die mens beskryf word alleen soos kaf wat in die wind wegwaai. Dan roep die Psalm na 'n ander kant met blywende hoop, en dit is die lewe saam met God – soos 'n boom wat langs die water staan en vrugte dra, sê Psalm 1.

Dit gebeur ook hier in Psalm 39, want Dawid skets maar 'n somber prentjie as jy na die dinge van die mens kyk. Tog is daar die ander kant met lewende hoop. In vers 8 spel hy dit so duidelik uit: Die Here is ons enigste hoop! Hy het dit ook in vers 2-4 uitgespel toe hy dit noem hoe hy op 'n keer besluit het om nie te bid nie. Die gevolge was egter bitter erg. Sy smart het al groter geword en dit het soos 'n brandpyn-vuur in hom gebrand.

Sonder God kan jy nie lewe nie. Die Here is ons enigste hoop. Hoop op wat? Hoop op sy daar-wees; dat Hy luister; dat Hy regeer en in beheer is (vs 5, 6); dat Hy kan red (vs 9); dat Hy kan wegneem; dat Hy kan sorg; dat Hy nooit koud teenoor jou staan nie, en dat Hy jou weer kan bly maak (vs 14).

Sing: Psalm 138:4 (1936)

Dr. SJ (Kobus) van der Walt (Emeritus)